

15 April

Skrifgedeelte: 2 Konings 25:18-21
Fokusgedeelte: 2 Konings 25:18-21

“n Verantwoordelikheid nie nagekom nie”

Die grootste gedeelte van die volk Juda is reeds deur Nebukadneser in ballingskap weggevoer (24:14). Dié wat oorgebly het, word onder koning Sedekia geplaas (24:17). Hy, soos sy voorganger Jojakim, doen wat verkeerd is in die oë van die Here. Sedekia kom in opstand teen Babel, word gevang en gestraf (25:6, 7). Nebukadneser is 'n instrument in die hand van die Here wat die koning en die volk Juda vir hulle wandade tot verantwoording roep.

Dit is egter nie net die koning wat tot verantwoording geroep word nie – ook die leidende figure in die samelewing. Die godsdienstige, militêre en burgerlike leiers, almal wat invloed gehad het, het die plig om te sorg dat God geëer, gedien en gehoorsaam word. Dit het nie gebeur nie en daarom word ook hulle gestraf. So sien ons dat die Here nie net in die hiernamaals straf nie, maar ook nou reeds. Hy eis rekenskap van elkeen.

Elkeen van ons het invloed op andere – party meer en ander minder. Elkeen van ons bekleed een of ander verantwoordelike posisie. Gaan daar van my 'n positiewe invloed uit ten opsigte van toegewyde diens aan die Here, of 'n negatiewe invloed ten opsigte van louheid en onverskilligheid. Watter voorbeeld stel ek?

Ons word nou reeds tot verantwoording geroep! Elkeen van ons en almal saam word opgeroep om ons verantwoordelikheid na te kom. Om die wegbeweeg van God om te draai, en al meer na God en sy genade in Christus Jesus, ons Here terug te beweeg.

Sing: Psalm 1:4 (1936)

Ds. RJP (Roelf) du Plessis (Emeritus)